

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Etienne Leroux se romans word allerweë beskou as 'n onmisbare deel van die Afrikaanse letterkunde. Leroux sou ten spyte van die polemieke en debakels oor, asook lofprysing, verguising en bekroning van sy werk, 'n leiersfiguur op die gebied van die Afrikaanse prosa word. Malan (1978:11) noem hom tereg "die reus onder die Afrikaanse prosaïste" en meen dat "sy gelyke onder die beste skrywers van ons tyd gesoek moet word" (1978:56). Botha (1990:10) stel dit soos volg: "(D)ie roman van kwaliteit wat op die wyse van Kundera, en van Etienne Leroux, vir ons nuwe kennis van die mens bybring, is 'n lewensnoodsaaklikheid. Dit maak 'n grondige verskil aan ons lewe; ons kan nooit meer voorgee dat dit bloot estetiese versiering om die rand van ons bestaan is nie."

Leroux se werk het internasionale status verwerf en die meeste van sy romans is vertaal (sommige in meer as een taal). Die verskyning van gunstige artikels en resensies van sy werk in buitelandse publikasies, byvoorbeeld die **Nieuwe Rotterdamse Courant** (14 Mei 1965), **The Irish Press** (20 Januarie 1969 en 1 Januarie 1970), **Life** (12 April 1968), **The Washington Post** (15 Julie 1972) en **World Literature Today** (Brink 1984) bevestig die feit dat hy ook in die wyer literêre arena as 'n gerekende moderne romanskrywer beskou word.

Feitlik alle resensies en studies oor sy romans maak melding van die feit dat die satire, parodie, burleske en

ironie grondliggend aan sy werk is. Die doel met die satirisering, parodiëring en dergelike in die Leroux-romans kan enersyds saamgevat word as 'n aan-die-kaak-stel van eietydse euwels, onregte en vergrype in 'n kunsmatige samelewing, en andersyds as 'n uitwys van die eensame stryd van die enkeling in 'n samelewing wat sy verbintenis met die lewegewende mites van die verlede verbreek het. Bepaalde tegnieke is instrumenteel in die skep van 'n satire of 'n parodie en een van hierdie tegnieke is die karikatuur.

Die doel van hierdie studie is verkennend van aard ten opsigte van die begrip "karikatuur" met betrekking tot Leroux se romans, juis omdat die term dikwels voorkom in opstelle en studies oor sy werk, maar tot dusver nêrens gedefinieer, omskryf of uitvoerig ondersoek is nie. Daar word dikwels verwys na Leroux se intertekstuele verbintnisse, onder andere wat betref ooreenstemmende werkwyses met skrywers soos Rabelais, Joyce en T.S. Eliot, almal erkende skeppers van literêre karikature. Dit het die vermoede laat ontstaan dat karikatuurskepping ten opsigte van karakters en ruimtes en selfs hele romanwêrelde 'n belangriker rol speel in die Leroux-romans as wat tot dusver daarvoor gesê is. Soms word daar wel melding gemaak van die feit dat sy karakters karikatuuragtig of eensydig aandoen, maar dan word dit dikwels as kritiek teen sy wyse van karakterisering ingebring. Louw (Malan 1982:31) merk ten opsigte van *Die mugu* op: "Ewe min as van intrige, is daar van karakteruitbeelding sprake in dié boek. Daarvoor is die hele atmosfeer te seer dié van 'n nagmerrie. Van die newekarakters sien 'n mens van tyd tot tyd en by herhaling slegs flitse - soms fel belig, soos met die voorstel van Querido in die kroeglatrine; soms dowwer, soos deurgaans die geval met Juliana Doepels...Selfs van Gysbrecht, wat deurlopend aanwesig is, kry 'n mens nie 'n volledige, psigies sluitende en 'afgeronde' beeld nie." Venter (Malan

1982:50-51) meen dieselfde roman gaan "mank aan gebrek aan ewewig" as gevolg van "eensydigheid in siening en vertolking, deur oordrywing, deurdat hoof-, bo- en ondertone nie behoorlik geharmonieer is nie". Hy noem Juliana Doepels "wat eintlik die striemende aanklag teen die gemeenskap van Julius Johnson moet wees", 'n "bespotlike karikatuur". Lindenberg (Malan 1982:128) meen die geestigheid en parodie in *Een vir Azazel* is "snaaksigheid aan die oppervlak, slimmighede" en sê: "Die tekening bly een-dimensioneel, karikatuuragtig, soos bevestig deur Leroux se gebruik om deurgaans die volle naam en betiteling van sy 'karakters' te gee..."

In enkele studies of opstelle word wel na die karikatuur as 'n bate in die Leroux-romans verwys, maar dan net vlugtig, byvoorbeeld Malherbe (Malan 1982:82) wat *Sewe dae by die Silbersteins* 'n allegorie noem, "'n verbasend geniale fantasie wat soms snerpend satiries die euwels van ons tyd blootlê. Karikaturaal (soos *Gulliver's Travels*) word vele gevalle telkens in één vergroot, met 'n trefkrag ongeëwenaar in Afrikaans". Esterhuyse (Malan 1982:242) sê in sy resensie van *Na'va* die volgende: "The characters, including many from the author's previous novels, are mainly caricatures drawn from all levels of South African society".

Opvallend is die feit dat hoewel die woord "karikatuur" nie noodwendig altyd gebruik word nie, kritici soms wel met goedkeuring die elemente van vertekening wat grondliggend aan die karikatuur is, erken. So byvoorbeeld praat Müller (Malan 1982:138) van "perspective in planned incongruity" en Van Rensburg (Malan 1982:144) van "Leroux se vermoë tot prismatiese beelding". In sy inleiding tot Leroux se negedelige romansiklus stel Malan (1978:60) dit weer soos volg: "Die boek (*Sewe dae by die Silbersteins*) kán seker wel as 'n komiese fantasie beskryf word, as 'n

vernietigend-satiriese ontluisteringsroman met trekke van die groteske en burleske wat selfs tot blote travestie degenerereer." Pottas (1986) se studie oor die uitbeelding van destruksie en vernuwing in die Leroux-romans, met spesifieke verwysing na *Magiersfontein, O Magiersfontein!* en *Onse Hymie*, raak onder meer aspekte soos die satire, ironie, parodie en burleske aan, maar karikatuurskepping as 'n tegniek wat gebruik word in bogenoemde gevalle, word nêrens genoem nie. Sy toon wel aan dat die romankarakters verslons en afgetakel raak, maar dit verbind sy ook nie aan die karikatuur nie. In die kritiek is daar dus 'n beduidende leemte wat 'n baie belangrike aspek in Leroux se werk betref.

Hierdie studie is daarop afgestem om teoretiese helderheid te verkry oor wat 'n karikatuur is; hoe dit as kunsgreep ontstaan en ontwikkel het; en hoe dit in die literatuur neerslag gevind het (hoofstuk 2). Omdat die ontwikkeling van die literêre karikatuur hand aan hand geloop het met die ontwikkeling van die visuele karikatuur, word enkele illustrasies wat die essensiële kenmerke van die karikatuur visueel belig, ook ingesluit. Die karikatuur as sodanig is in geen studie oor Afrikaanse letterkundige werke in diepte ondersoek nie en daar word gevolglik hoofsaaklik van buitelandse bronne (Europees en Amerikaans) gebruik gemaak vir 'n noodsaaklike teoretiese onderbou. Die besliste leemte hier te lande aan literatuur oor die karikatuur, het 'n redelik uitvoerige bespreking oor die historiese ontwikkeling en die vroeë vorme van die karikatuur genoodsaak.

Die Russiese literêre teoretikus, Mikhaïl Bakhtin, se studies oor die mens se neiging tot vertekening in die kuns, hier meer spesifiek die literatuur, dien in aansluiting by hoofstuk 2, as noodsaaklike teoretiese en filosofiese vertrekpunt en word in hoofstuk 3 kortliks

behandel. Bakhtin beskou die kollektiewe gees van die "karnavaleske" as grondliggend tot die mens se behoefte om die bestaande orde deur middel van satirisering, parodiëring en dies meer, om te keer om sodoende valsheid en pretensie te ontbloot en 'n terugkeer na eerlike en bevrydende waardes te bewerkstellig. Hierdie strewe word grootliks ook by satirici aangetref.

Die funksies en kwaliteite van die karikatuur word in hoofstuk 4 van naderby beskou, soos dit blyk uit studies wat oor karikatuurskepping in die werk van enkele groot en erkende satiriese skrywers, naamlik Smollett, Balzac, Melville en Büchner handel. Dié studies was nie plaaslik beskikbaar nie en moes deur middel van mikrofilm uit die buiteland aangevra word. Tog was hierdie bronne veral nuttig omdat dit aantoon hoe kritici die karikatuur in sodanige skrywers se werk ontleed, beskryf en geëvalueer het. Voorbeelde van soortgelyke karikature in Leroux se romans word ter illustrasie uitgelig.

Omdat dit nie moontlik is om karikatuurskepping in elke Leroux-roman in hierdie studie in besonderhede te ondersoek nie, is twee romans uitgesonder en wel omdat hulle hulself as 't ware opgedring het ten opsigte van die karikaturisering wat daarin voorkom. Benewens algemene karikature wat in diens van die satire op bepaalde eietydse tipes, gebruike en instansies gerig is, word daar ook gekyk hoe *Die mugu* (hoofstuk 5) gelees kan word as 'n vertekening van die geïdealiseerde ridderverhaal en hoe daar in *Sewe dae by die Silbersteins* (hoofstuk 6) aangesluit word by 'n baie ou vorm van karikaturisering, naamlik die middeleeuse *Dans van die Dood*. Daar word dus vanuit 'n nuwe perspektief na Leroux se romans gekyk wat winste meegebring het in die sin dat die romans opnuut gelees en geïnterpreteer kon word, alhoewel daar op die bestaande kritiek ook voortgebou is. Smuts (Malan 1982:164) wys immers op Leroux se vermoë

om 'n fyn verbinding tussen verwysingsvelde te maak en sê:
"Bepaalde verwysings kan dikwels herlei word na meer as een gebied, en sodoende wen die verwysing aan veelduidigheid en slaag daarin om die werk op ekonomiese en subtiele wyse te verryk."

Hierdie studie behoort daartoe te lei dat lig gewerp word op 'n kunstgreep wat tot nou toe nog nooit as 'n selfstandige veld ten opsigte van Leroux se oeuvre, of enige ander Afrikaanse prosawerk, verken is nie. Omdat die karikatuur in slegs twee romans in hierdie studie uitvoerig verken word, alhoewel sy hele oeuvre tog betrek word, word die weg hopelik gebaan dat ook die ander romans op soortgelyke wyse ontleed sal word. **Magersfontein, O Magersfontein!** en **Onse Hymie** wat sterk satiriese ondertone bevat, leen hulleself byvoorbeeld uitstekend tot 'n soortgelyke ondersoek.